Rapport
28 Mei 2017
Taco Kuiper-wenner: 2015, 2016

Klein Shawu moet fiks word vir 'n trop

Hendrik Hancke

Weesrenostertjies by die Hoedspruit-sentrum vir bedreigde spesies (Hesc) moet deesdae hul surrogaatma, Lammie die skaap, met 'n lummel van 'n baba, 'n olifantjie van 187 kg, deel.

Shawu, die agt maande oue olifantjie, is in November verlede jaar alleen in 'n naburige reservaat gekry - sonder enige teken van sy ma of die trop.

"Ons veearts, dr. Peter Rogers, is laat kom," sê Adine Roode van die Hesc.

Rogers het die olifantjie verdoof en hy is na Kamp Jabulani, die olifantreservaat langs Hesc, geneem.

"Omdat hy nog bitter klein was, kon ons hom nie onmiddellik na die olifanttrop by Kamp Jabulani neem nie," sê Roode.

Twee heeltydse olifanthanteerders van Hesc en een van Hoedspruit se bekendste inwoners, Lammie die skaap, het ingespring om te help. Lammie is 'n internetster nadat video's van haar saam met weesrenostertjies die wêreld vol versprei het.

"Klein Shawu is gaande oor Lammie en nes die renosters destyds volg hy haar oral waar sy gaan."

Shawu het in Maart erge maagkrampe begin kry.

Bloedtoetse het getoon die kalfie het 'n probleem met sy bloed.

Terselfdertyd het sy stiefsussie, die tweejarige Timisa, ook aan bloedarmoede begin ly.

Om hulle te dokter moes Rogers bloed oes van een van die volwasse Jabulani-olifante, Setombe. Die ou bul is verdoof en sewe pinte bloed is getrek. "Die proses het nie lank geneem nie en Setombe was vinnig en stresvry weer terug met die trop."

Die plasma en die rooibloedselle is oornag van mekaar geskei en was teen die volgende oggend reg om toegedien te word.

Shawu was dié oggend eerste aan die beurt

"Dr. Rogers het hom verdoof en Stavros, een van Shawu se hanteerders, het in 'n rustige stemtoon met hom bly gesels tot hy ingesluimer het," sê Roode.

Hy is albumien, 'n plasmaproteïen ryk in teenliggame, toegedien. Hy is ook vir krampe behandel en minerale, vitamines en antibiotika gegee.

Timisa was volgende aan die beurt. Sy het aanvullings en minerale ontvang en albei is ook ontwurm. Albei olifantjies is reeds op die been.

Roode sê Shawu moet net gespeen word van sy middernagtelike bottel melk, dan sal hy reg wees om by die trop te slaap.

Om hom voor te berei vir die lewe saam met die trop stap hy, sy hanteerder en ma Lammie elke dag kilometers ver om fiks te word.

Shawu en sy hanteerder stap elke dag kilometers ver.